OORDRAG VAN DIE VKO-FUNKSIE

Lede van die VKO-sektor

Tydens die staatsrede in 2019 het president Cyril Ramaphosa aangekondig dat die Vroeë Kinderontwikkeling (VKO)-funksie van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) na die Departement van Basiese Onderwys gaan skuif. Die registrasie en ander funksies van naskoolsentrums sal die verantwoordelikheid van die DMO bly.

Die oorgangsproses in die Wes-Kaap het reeds ver gevorder en sover lyk dit of die verskuiwing op 1 April 2022 sal gebeur. Die doel is om die proses so glad as moontlik te laat loop met so min as moontlik ontwrigting aan die VKO-sektor.

Ons sal jou aanhou inlig soos wat die proses vorder. **Kliek hier** vir meer inligting, of gaan na, www.westerncape.gov.za/ecd of skakel 0800 220 250.

Dr Robert Macdonald
Departementshoof
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Januarie 2022

Wes-Kaapse Regering

VIR JOU